

2020 AANSOEK VIR BEFONDSING VAN HET JAN MARAIS FONDS

Departemente / afdelings binne die US word genooi om aansoek te doen vir befondsing van projekte wat die doelstellings van Het Jan Marais Fonds bevorder.

Let asb. daarop dat die aanduidings Afrikaans en Nederlands (Hollands) teenswoordig vervangbaar is met Afrikaans.

DOELSTELLINGS VAN DIE FONDS

Het Jan Marais Fonds (HJMF) is in 1915 volgens die testament van wyle J.H. (Jan) Marais geskep ten behoeve van die Universiteit Stellenbosch, ter bevordering van hoër onderwys - wat onderrig, navorsing en gemeenskapsbetrokkenheid insluit - by die Universiteit Stellenbosch, maar beperk tot onderwys in Afrikaans/Nederlands, met die einddoel dat in sodanige onderwys, Afrikaans nie 'n mindere plek as Engels inneem nie ('die hoofdoelstelling').

In ooreenstemming met die genoemde bedoeling sal die Fonds aangewend kan word:

- (a) vir die betaling van die salaris, of enige deel daarvan of byvoeging daartoe, van professore en dosente;
- (b) vir beurse en geldelike hulp aan studente, wat op sodanige wyse verleen sal word dat die bedoeling soos in die testament vervat die beste uitgevoer word;
- (c) vir die aankoop van boeke;
- (d) vir die aanbieding van wetenskaplike lesings ter bevordering van die Afrikaanse nasionale belang; en
- (e) op sodanige of ander wyse wat na mening van die trustees die doeleindes waarvoor hierdie bemaking gemaak word, die beste kan bevorder.

FONDS BESKIKBAAR VIR 2020

R693 841 is beskikbaar vir toekenning aan een of meer projekte.

AANSOEKPROSES

Aansoeke vir befondsing moet die volgende insluit:

- Naam, van, kontakbesonderhede en posbenaming van aansoeker. Die aansoeker moet 'n personeellid van/student aan die US wees.
- Besonderhede van die departement / afdeling van die US waarbinne die projek bestuur sal word.
- 'n Kort opsomming (van hoogstens 300 woorde) van die beoogde projek/beurs.
- 'n Kort motivering waarom u van mening is dat die projek/beurs die doelstellings van die Fonds bevorder, met spesifieke verwysing na die uiteensetting hierbo.
- Aanduiding van ander befondsing wat die projek/student reeds ontvang.
- Aanduiding of dit aanvaarbaar sal wees indien die trustees slegs 'n gedeelte van die fondse wat versoek word, kan toestaan.
- 'n Gedetailleerde begroting van die wyse waarop die aangevraagde fondse aangewend sal word.

Een- of meerjarige projekte sal oorweeg word vir befondsing. Indien aansoek gedoen word vir meerjarige befondsing, moet dit as sodanig aangedui word, met 'n aanduiding van befondsing wat in daaropvolgende jare benodig sal word.

'n Verslag wat aandui hoe die befondsing aangewend is, moet aan die einde van die projek aan die trustees gestuur word.

Aansoeke en of navrae kan gestuur word na Anel de Villiers by aneldev@sun.ac.za.

Aansoeke sluit op Vrydag 11 Desember 2020.